# *God Se Voorsiende Weg*

Dankie, Broer Sothmann.

Goeiemôre, vriende. Dis, beskou dit beslis as 'n groot voorreg om weer terug te wees by hierdie gemeenskap hier in Kanada. Dit is al 'n geruime tyd sedert ek tevore hier was, en ek het altyd verlang om terug te kom.

2 Ek hou van prêriemense en bergmense, hulle is net huismense, niks, wat ons onder in die State noem, net: "tuisgemaak," net regte mense, wat jy net, niks styfs aan hulle nie, hulle is net mense wat God vertrou, en God glo, en nederig is in hulle harte. En dis hoe God werk, met mense soos daardie.

3 Dit verg nie groot gemeentes nie. Jesus het nooit belowe om saam met groot gemeentes te vergader nie. Hy het belowe om te vergader so ve-. . . , uh: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees." En weer sê Dit: "As die mense oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor en hulle land genees."

4 En dis . . . Hierdie is 'n groot tyd. Ek het eintlik gekom vir 'n vakansietjie. Ek was nou op die pad, die heeltyd, vir ses maande. En die dienste is 'n groot *stremming* vir my wese. En ek het 'n bietjie rus nodig gehad, en ek het gedink: "Wel, ek sal óf afgaan saam met my vriend, Broer Welch Evans, onder in Florida in, en 'n bietjie visvang," toe het ek net gedink: "jy weet, dit sal baie goed wees as ek opgaan na Dawson Creek en 'n bietjie visvang, gaan jag, my vriend Chris Berg te sien, en sommige van die broers daar rond." Ek het gedink: "Ek sou God nie eer as ek nie 'n paar dienste daar vir die mense gehou het nie."

5 So toe het dit alles bymekaar gekom in een ding, en ek het deur my uitnodigings gegaan, en ek het gevind iemand het Broer Hunter se plek ingeneem oorkant by Dawson. So ek het hierdie broer gebel, ek ken regtig nie sy naam nie, hy mag hier wees vanmôre, en ek het gesk-. . . het vir hom 'n brief geskryf. En hy het teruggeskryf en gesê: "Wel, ons sal beslis 'n diens of twee hou, of aand of twee, vir julle hier." En gesê: "Ek sal vir jou 'n gids gereed kry om te gaan visvang."

6 En—en so het dit my die geleentheid gegee om te kom en julle te besoek. En so toe het hulle afgekom, ek het gesê: "Wel, moenie Grande Prairie vergeet nie, want ek stop daar, miskien kan hulle my 'n dag of twee uithou, terwyl ek daarbinne is." So dis hoe ons hier is vanmôre.

7 Maar ons kom om—om 'n seën vir julle te wees. En ek is seker julle sal 'n seën vir ons wees. En ons is hier, nie om enige organisasie te verteenwoordig nie, ons probeer net Christus

verteenwoordig, en Hy is die Een. En ek's seker Hy—Hy. . . julle ken Hom as julle Verlosser, of ek vertrou julle ken, in vergifnis van julle sondes, en die vervulling van die Gees.

8 En nou, baiekeer waar ek gaan om vir die siekes om die wêreld te bid, sê party van hulle: "Broer Branham, die Goddelike geneser." Nou, dis 'n fout. Ek's geen geneser nie, ek glo nie enige ander mens is 'n geneser nie, ek glo God is die Geneser. En God het alreeds vir jou alles gedoen wat gedoen kan word. Nou, die volgende ding is jou geloof om in Sy voltooide werk te glo.

9 En ek het nooit gekom om die plek van 'n dokter in te neem nie. Ek is nie 'n dokter nie. En ek—ek het gekom om te bid vir God se kinders, die dokter se pasiënte, my vriende. En dis waarvoor ons hier is. En ons is bly om te ontmoet in hierdie nuwe, pragtige, klein kerkie, wat hier ver bo in—in die prêrie sit, goeie mense.

10 En gister toe ek gekom het, het ek opgelet, het my herinner aan die, of, toe my vader my altyd vertel het, onder in die staat van Kentucky, waar ek gebore is, hulle altyd ingegaan het en die bome afgesaag en hulle gerol, stompe gerol en hulle gebrand het, julle weet, en die mans sou almal mielies rooster, en vroue sou lekkergoed maak, en houtrolle hê, julle weet, en neem, ek reken dis alles vreemd vir julle mense hieronder, en sorghum molasse hê.

11 Ek het oorkant na 'n kêrel van Georgia gekyk, hy het soort van geglimlag, hy weet wat sorghum molasse is. Ek wonder hoeveel hier weet wat sorghum melasse is? Van watter deel van Kentucky kom jy, Suster? Ja. Wel, ek hou beslis daarvan. En ons het altyd die sorghum afgeskep en 'n wonderlike tyd gehad.

12 Nou, en ou, van wie ons kom, die ou Suidelike Sending Baptis, waar ons byeenkomste sou hou en middagete op die grond sou hê, Voetewas sou hê. Hoeveel weet wat Voetewas is? Met Voete-. . ., o, wat reguit oorkant ingekom het in die Pinksterkerk. Ons sou groot tye daar hê, groot jubelfeeste.

13 En nou, ons is vergader om, nou, vir 'n ander soort jubelfees, 'n geestelike jubelfees, wat ons almal hierdie dinge ken, en die goedheid van God, en Sy genade.

14 Ek onthou hier, tevore, was daar 'n paar goeie mense. Ek mag hierdie—hierdie Noorweegse naam of Sweeds verkeerd uitspreek, wat dit ook al was, ek, lyk vir my asof hulle naam *Bonderud*, of *Bonderud*, of iets was. Hulle het my hiernatoe geneem een oggend om 'n paar ganse te skiet. En ek sê julle, hulle gasvryheid was so goed, dit het my amper doodgemaak.

15 Nadat ek klaar was met die diens daardie aand, het hulle 'n yslike groot, wel, ons noem dit onder in die State, aandete, ek dink julle noem dit hierbo, middagete. Ek—ek raak altyd deurmekaar daarmee. As—as—as dit is—middagete is, wanneer gaan ek dan aandete hê? Sien, ek—ek raak heeltemal deurmekaar

en mis ’n maaltyd iewers as dit—as dit, as die aandtyd middagete is.

16 Nou, onder in die Suide, noem ons dit ons ontbyt, ons middagete, en ons aandete. Dan as *hierdie* my middagete hier *laaste* is, wat het dan van my middagete geword? Sien, waar, dan waar, as hierdie my middagete is, waar kom my aandete dan in? Volgende oggend, sê julle dis ontbyt. So ek verstaan dit net nie reg nie.

17 So in elk geval, ek sal dit sê op die manier wat ek dit die beste geken het, ek het twee aandetes gehad. Ek het een daarbuite gehad, en toe het ek in die bed gekom omtrent, o, ek reken omtrent eenuur, of twaalfuur, en omtrent vieruur die volgende oggend het hulle my op gehad met ’n, my ontbyt. En ek was buite in die veld, een of ander hawerland, besig om ’n gat uit te grawe om in te kruip, om weg te kruip van die ganse. En toe, het ons omtrent twee ure later teruggekom. Ek—ek. . . Al hierdie aandetes hier wat ek hierbo gemis het, dit is alles voor betaal daar oorkant, want ek het teruggekom, ek het nog ’n ontbyt gehad, so ek het twee gehad vir daardie dag, so ek was al. . . Sal nooit daardie mense vergeet nie, ek hoop ek kan hulle sien terwyl ek hier is.

18 Hulle het ’n paar mense gehad bo by Dawson Creek. Een van hulle was ’n prediker. Ek weet nie, maar dit het vir my gelyk asof ek. . . spreek ek daardie naam reg uit? *Bonderud*, *Bonderud*, *Bonderud*? Een van hulle was ’n prediker. Einar, dink ek, of Ined? Einar? Iver, Iver. Yslike groot kêrel, goeie kêrel en hy was. . . Sê ek hoop. . . Wat? [’n Broer sê: “Hy is daar oorkant, tweede een aan die oorkant.”—Red.] Iver Bonderud, wel, wel, wel, ek wat hier staan en praat oor hom, en hier staan hy, en luister na my. Ek beter net nou ophou daaroor praat. Goed.

19 Is jou vader en moeder oorlede, Broer Bonderud? Albei van hulle. Ek vergeet nooit daardie Noorweërtjies nie. Ek was in sy huis, sy pastorie daarbuite. En ek het daar gebly vir ’n paar dae by ’n plekkie, Ground Birch. Is dit reg? En die Moedertjie en Vader Bonderud, ou Noorweërtjies, ek. . . is dit reg? Of Sweeds? Een van die Skandina-. . . , Noorweegs. Daarbo in die huis, en pappa gaan af om hom te gaan haal, uh, kry ’n paar kruideniersware by die winkeltjie, en mamma het by die venster gesit, julle weet, en sy het die gordyn bly ooptrek, gekyk vir hom om te kom.

20 Naderhand, hier kom hy, aangestap, julle weet. En hy—hy het ’n emmertjie in sy hand gehad, ’n paar pakkies onder sy arm. En moeder het hom sien kom, hier het sy gegaan om hom te ontmoet, julle weet. En sy het ’n paar van die pakkies geneem en hom op die rug geklop, julle weet. En hier het hulle gegaan, twee, paartjie wat verbykom. O, ek het net my hande opgesteek en gehuil, ek het gedink: “Is dit nie pragtig nie?”

21 En die volgende dag het ons 'n gastronomiese jubelfees gehad, want hulle het al die kinders laat inkom, hulle het alles vir middagete gehad. En dit was om twaalfuur, julle weet. So ons het 'n groot middagete daarbuite uitgepak gehad.

22 En ek wou so graag met daardie ou paartjie praat, en ek—ek dink nie hulle kon een woord Engels praat nie, en ek kon nie een woord Noorweegs praat nie, so ons kon nie regkom deur gebare vir mekaar te maak nie, iemand het gekom en vir my getolk. En ek het gesê: "Jy weet, een van hierdie dae wanneer ek oor die rivier gaan, afkom in die strate van die Heerlikheid, verwag ek om 'n aantreklike Noorweegse man en 'n pragtige, klein Noorweegse vroutjie te sien, jonk, wat nooit weer oud sal word nie. En ek sal sê: 'Ken ek julle nie?' Hulle sê: 'O, ja, Broer Branham, jy ken my, ons het jou wildegans gegee aan tafel toe ons onder op die aarde was.'"

23 En ek hoor dat hulle albei na daardie Hemelse Tuiste toe gegaan het. God laat hulle kosbare siele rus in vrede, is my gebed.

24 Nou, vanmôre is ons die geleentheid gegee, en die pastoor is so gaaf om ons hierdie tydjie van bekendstelling te gee, soort van, vir die diens. En gewoonlik preek ek nie oor, wanneer ek gaan preek, oor ses ure of so-iets nie, ek verdaag gewoonlik rondom, omtrent, na vier tot ses uur van prediking, min of meer. So hulle. . .Maar vanmôre sal ons net omtrent dertig minute neem om net bekend te stel, dan, hierdie, want julle moet huis toe gaan, en eet, en weer terugkom om twee-dertig.

25 Hoeveel mense verwag om voor gebid te word gedurende hierdie tyd van die dienste? Laat ons julle hande sien, oor die gebou. Goed. Nou, as julle enige mense het, onthou dit sal baie vinnig wees. Ons moet gou ingaan, gou uitgaan. Ons gaan aan na Dawson. En so, kry julle hulle hier vanmiddag. Twee-dertig is wanneer die diens begin?

26 O, kry hulle hier teen kwart voor, so-iets, en my seun, daaragter, sal vir hulle gebedskaartjies kom gee, enigiemand wat hulle wil hê. En dan het ons nie, soos 'n arena nie, almal sal net opkom wanneer hulle nommers geroep word en ons sal vir hulle bid op daardie manier.

En nou, as jy enige bure het wat voor gebid wil word, bring julle hulle vroeg uit vanmiddag om 'n gebedskaartjie te kry.

27 Nou, voor ons die Woord nader, laat ons die Outeur van die Woord nader met gebed, terwyl ons ons hoofde buig.

28 Genadige en Heilige God, ons kom in U Teenwoordigheid in deur middel van gebed, in die Naam van die Here Jesus, God se kosbare en glorieryke Seun. Want ons is geleer in die Skrifte wat Hy vir ons gesê het as ons die Vader enigiets sal vra in Sy Naam, sal dit toegestaan word.

29 Nou, as ons sou kom in die naam van hierdie pragtige kerk, of in die naam van die pastore, of in die naam van die volk, sou dit ons niks help nie, en sou ons—sou ons geen geloof hê dat ons gebed beantwoord sou word nie. Maar wanneer ons in daardie algenoegsame Naam van die Here Jesus kom, het ons die versekering dat God ons sal gee wat ons vra.

30 Daarom ondersoek ons ons gebed om te sien of ons enigiets verkeerd gaan vra, om te sien of ons enige verkeerde bedoeling het waarom ons hiernatoe kom, of ons vra, of die motief wat ons sou hê om vir sulke dinge te vra. So ons bid, God, dat U ons harte ondersoek, want ons staan in U Heilige Teenwoordigheid in hierdie tabernakel, in die wete dat ons Ewigheid-bestemde mense is, met ons hoofde gebuig na die stof waaruit U ons geneem het.

31 En ons vertrou plegtig dat U Jesus eendag sal stuur. En ons opgelig sal word uit hierdie stofliggaam na 'n liggaam wat gemaak is soos Sy Eie glorieryke liggaam, waar daar nie meer gebed vir die siekes sal wees nie, daar geen deurnag bidure sal wees vir die verlorenes nie, maar die verlostes in die Stad sal wees en vir ewig in die Lig daarvan sal wandel. O, ons harte verlang daarna.

32 Maar terwyl dit dag is en ons die geleentheid het, roep ons U aan, Here, vir U Goddelike leiding en genade. En ons vertrou dat U hierdie stadjie 'n groot ontwaking sal gee tot die werklikheid van Christus in ons midde vandag, na tweeduisend jaar vanaf Sy kruisiging, dat Hy nie dood is nie, maar Hy lewe vir ewig.

33 Ons bid, Here, dat U die Skrifte sal laat vervul, wat aan die dissipels gespreek is, toe U gesê het: "Wanneer julle in 'n stad ingaan, genees die siekes wat in die stad is." Ek bid, Here, dat almal wat siek is van sonde, dat hulle eerste genees sal word, en dan, dat almal, wat fisies siek is, genees sal word.

34 En mag daar 'n herlewing deur hierdie valleitjie hier trek, wat so 'n honger en dors sal veroorsaak, want daar staan geskrywe: "Julle is die sout van die aarde, en as die aarde sy sma-. . . verloor, of, die sout sy smaak verloor, is dit voortaan vir niks goed nie, behalwe om onder die voete van mense gewerp te word, vertrap te word." Maar, Here, ons bid dat U Christus in ons lewens *so* werklik sal maak dat die mense sal dors na Hom. Laat Hom die aantrekkingspunt wees, Here. En ons sal U loof daarvoor in nederigheid en ons hoofde buig in nederigheid, U al die lof gee.

35 Seën die pastoor hier, en die geassosieerde pastore, elke kerk in die stad en deur die gemeenskap, al die lidmate van elke kerk. Mag ons met een hart en eendragtig kom en die heerlikheid van ons herrese Here sien. Ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

36 Net by wyse van—van die byeenkomste bekend te stel, wil ek graag sê dat ons elke dag kom, net die veldtoggie aanbied. Enige vrae, kan julle vir Broer Sothmann vra, en hy sal in staat wees om julle te sê, hy en die pastore.

37 En nou, vrae oor godsdienstige sienings, ek probeer hulle nie beantwoord nie, want dis die pastoor, julle sien ons, uh, ek sou liewer dat elke kerk moet weet, hulle pastoor is ’n man van God, hy het hulle veilig so ver gelei, so hy kan hulle verder neem, julle sien.

38 So nou, kom, gelowig. Miskien, miskien in die volgende diens of so, mag daar buitestaanders wees wat—wat buite die Pinkster-sfere en die Volle Evangelie is. En ons wil seker wees, weet waar ons staan, want geen mens kan wandel sonder dat hy seker is hy weet waar hy wandel nie. Sien? Ons—ons weet waar ons staan, want ons wandel met die Skrifte, glo dat God elke Woord hou en Dit werklik maak. Sien? As julle dit nie glo nie, dan kan ons nie—kan ons nie met God wandel nie.

39 En nou, elke dag, elke, voor elke diens, sal die kêrels afkom en uitdeel, of, Billy, gewoonlik Leo en Gene, ’n paar medewerkers is—is saam in die groot veldtogte, en hulle help kaartjies uitdeel ook, maar my seun is hierdie keer saam, en hy sal vir julle gebedskaartjies gee omtrent ’n uur voor elke diens sodat ons nie die—die mense sal onderbreek wat inkom vir die, uh, die diens te hoor nie, die bekendstellingsdienste ensovoorts.

40 Nou, as julle ’n Skriftuurlike rekord hou van wat, predikers, partymaal lees, ek wil graag vir julle lees uit die Nuwe Testament, die Boek van Johannes, 12de hoofstuk en 32ste vers, vir ’n inleiding, en hieruit wil ek hierdie teks neem vir ’n konteks. Jesus wat gepraat het. O, ek sou Hom graag wou hoor praat het. Net, ek weet ons is almal honger daarvoor.

> *En Ek, as Ek van die aarde af verhoog word, sal almal na My toe trek.*

41 Nou, ons het ’n liedjie onder in die State, ons sing dit, *As Ek Verhoog Word*. Nou, ek wil praat oor die onderwerp van *God se Voorsiende Weg*. God het ’n weg voorsien.

42 Nou, die mens is geneig in die wêreld om iets te probeer doen om iets te bereik. Hy is, hy wil dit self doen. Ek . . . Jammer dat dit so gemaak is, maar die menslike ras is net so. Die mens probeer iets doen om ’n prestasie vir homself te maak.

43 Soos ek gister opgekom het met die hoofweë, het ek deur die twee groot stede hieronder gegaan, Calgary en—en Edmonton. En ek het met my seun gepraat toe ek ingegaan het om bietjie petrol te koop. En toe ek na die pomp gekyk en dit gesê het: “Nege-en-dertig sent per gelling,” het ek gesê: “ek verstaan nie hoe hulle dit doen nie.”

44 Ons betaal omtrent vyf-en-dertig sent per gelling vir hierdie petrol in die State, en hulle bring dit hiernatoe. In plaas van ’n vier-kwart gelling, gee jou ’n vyf-kwart gelling vir nege-en-dertig sent. Daarom, kan hulle dit hier ver bo op die prêries verkoop, goedkoper as wat julle dit in die Verenigde State verkoop, en tog word dit van die Verenigde State af, hiernatoe gebring. Die regering koop dit, en dan verkoop die verbruiker dit, natuurlik, dan neem die regering belasting terug daarvan van die verbruiker, terug na die regering.

En Billy het gesê, vir my: “Lyk dit regverdig, Pappa?”

Ek het gesê: “Wel, ons vind uit dat dit beter gaan met hulle as met ons.”

45 Nou, as julle oplet, ek wil dit sê van Kanada. Ek glo as Jesus sou vertoef, vir, sê, vyftig jaar, dat hierdie volk die nasies van die wêreld sal lei. Hierdie sal die uitstaande volk van die wêreld wees, as Jesus vertoef. Want dis julle rotsvaste regering, sien, en die—die dinge, die natuurlike hulpbron waarop julle moet bou.

46 Nou, julle lande is oortrek met olie en minerale, en—en julle berge is vol goud, en silwer, en uraan, en kalium, en wat nog. Julle het, julle is omtrent een-en-twee-derde maal so groot soos die Verenigde State, die Gebied van Kanada.

47 Tog in die stad, of, in die staat van New York, het hulle tweehonderd ses-en-negentigduisend meer mense in die staat van New York, as wat Kanada in die hele Gebied het. Julle het, hier, om *mee* te maak, net julle is nie digbevolk nie, en dis ’n seën, want wanneer bevolking, mense begin versamel, kom daar sonde in.

Vanmôre toe ons geëet het by die busstasie, ek en my seun, het hy gesê: “Pa, ek sou graag hier wou woon.”

“O,” het ek gesê: “wie sou nie?” Sien? Hierdie is ’n paradys. Miskien besef julle dit nie.

48 Baie, soos die dames, verlang na die groot stede, baiekeer. En *dit*, moet nooit *daarna* verlang nie. O, goeiste! Neem *hierdie* enige tyd. Hier is die plek om julle kinders groot te maak. Hier is ’n plek waar jy meer vir jou kinders kan bied, meer vir jou kinders, meer vir jouself, as enige plek waarvan ek weet.

49 Julle geld het die hoogste waarde, of net so hoog, indien nie hoër nie, as enige ander volk in die wêreld. Hoekom? Omdat julle julle koring kweek, die regering dit neem en dit vir julle verkoop, en die geld neergesit moet word, kontant.

50 Nou, in die Verenigde State, kweek die boer die koring, die regering betaal hom uit die staatsfondse, en neem dit dan, en gee dit aan ander nasies en hulle betaal dit nooit. Party van hulle skuld al vir honderde jare en betaal dit nooit nie. En dit kom uit regeringsfondse, wat die volk uithol. En binnekort moet sy val, dis al.

51 En nou, ons het geen natuurlike hulpbronne meer nie; julle het baie natuurlike hulpbronne, want as ek en jy is. . .Ek verkoop vir julle rys vir koring, maar wanneer my rys opraak, wat dan? Sien?

52 Nou, julle het die natuurlike hulpbronne, so julle is, meer as enige plek in die wêreld, so julle is n groeiende, opkomende nasie. En ek het gesê: "Ek het 'n vyfjarige seuntjie." Ek het gesê: "'n Kanadese man hier, vir sy vyfjarige seuntjie, kan sê: 'Seun, ek maak jou hier groot in 'n volk waar daar 'n groot toekoms vir hierdie volk is.'" Ek het gesê, toe: "Hy kan hom meer aanbied, vir sy kind vanaf 'n nasionale standpunt, as wat 'n Amerikaner kan, of die State kan, aan 'n seun wat daaronder is, want julle het 'n groter agtergrond hier om te ondersteun, iets wat belowend is," ensovoorts.

53 Nou, maar as Rusland ooit na die Verenigde State toe kom, wat een van die voorste nasies van die westerse wêreld is, sou hulle dit nie wou opblaas nie, hulle kon dit doen, as hulle wou, net nou, of ons kon *dit* opblaas. Maar hulle sal dit nooit doen nie, want hulle sal alles vernietig, hulle wil die rykdom van die nasie hê, so daarom, sal hulle probeer om hulle aan die slaap te maak.

54 En een ding, ek dink nie die oorlog sal 'n missieloorlog wees nie. Maar ek dink dit sal 'n geestelike oorlogvoering wees, wat sal inkom en net die volk oorneem en hulle aan die slaap sal maak, totdat hulle inkom en 'n houvas kry. Wel, as hulle daar 'n houvas kry en die Verenigde State oorneem, is Kanada 'n klein dingetjie vir hulle.

55 So daarom, is daar niks regtig in die wêreld waarop ons ons hoop kan bou nie, sien, oor enige prestasie wat ons in hierdie wêreld kan gee, want daar is geen hoop daarvoor nie. Daar is net een Hoop, dit is Christus, dis waar.

56 Want, wat as wetenskap vandag, iets probeer bou? 'n—'n—'n Bom wat ver sal opgaan of een of ander . . . 'n man in 'n sputnik sit en hom in die lug opstuur. Rusland het 'n ophef gemaak, onlangs, oor die wêreld, hulle het 'n man in die hemele gehad, het 'n man bo in die ruimte gesit.

57 Wel, dis niks om oor te spog nie. Ons het al vir tweeduisend jaar 'n Man in die ruimte: Jesus Christus. Nie net om 'n entjie *hier* op te gaan en terug te kom nie, maar die heelpad tot in die Heerlikheid en terugkom met 'n leërskare Engele om ons te bedien. So ons het al vir 'n lang tyd 'n Man in die ruimte, Rusland het niks teen ons nie. Daardie man het teruggekeer om te bly, Jesus kan gaan waar Hy ook al wil.

58 So ons is . . . ons kan dit sê: Wat as vandag, nou, my Kanadese broers, susters, wat as vandag, daardie wetenskap iets kon vervolmaak wat 'n klein toestel op die kant van 'n man se plaas kon sit, en dit kon aanskakel, en reën, reën uit die lug afbring,

of dit afskakel, die son kon laat skyn, wat jy ook al nodig gehad het? Sou dit 'n prestasie wees! O, goeiste!

59 Wat as ons iets gehad het wat hulle kon sê hulle kon 'n—'n man maak wat—wat op sterwe is aan kanker, weer terugkom en gesond wees? Sou dit nie 'n prestasie wees nie! Soos die Salk-entstof vir die kinders, dit het wêreldwyd gegaan.

60 Maar sê, byvoorbeeld, wat as die wetenskap iets gevind het, 'n medisynetjie wat hulle in 'n lepel kon sit, en dit in 'n ou man se mond kon gooi, of 'n ou vrou, negentig jaar oud, en dit dophou vir omtrent, die pasiënt, vir omtrent een minuut, en hulle sien terugkeer na 'n jong man en vrou, met 'n bloed wat nooit sou oud word nie, en 'n wese wat nooit sou sterf nie? Wel, die fluitjies sou blaas, nasies sou skree, "Dood was verby, geen ouderdom meer nie, geen dood meer nie, ons het dit oorwin." Wel, dit sou iets wees!

61 Mense probeer dit vind deur die bron van, wel, van literatuur, of kultuur, geleerdheid, wetenskap. Wat laat hulle daarna soek? Is omdat dit iewers bestaan, dis waarom hulle daarna honger. Soos Dawid gesê het: "Wanneer die diepte roep na die diepte," voor daar 'n diepte kan wees wat roep, moet daar 'n diepte wees om op daardie roep te reageer.

62 Voor daar 'n vin op 'n vis se rug was, moes daar eers 'n water wees vir hom om in te swem, of hy sou geen vin gehad het nie. Voor daar 'n—'n boom was om in die aarde te groei, moes daar eers 'n aarde gewees het, of daar sou geen boom gewees het nie.

63 Soos ek dikwels gesê het, deur hierdie aanhaling te maak, 'n tyd gelede, onder in die State, is 'n klein seuntjie gevind by die—by die skool, wat besig was om die uitveërs van sy potlode af te eet. En toe het sy mamma hom buite op die agterstoep gekry, besig om die pedaal van 'n fiets af te eet, 'n rubberpedaal. En hulle het die kêreltjie na die kliniek geneem vir 'n ondersoek, en toe hulle het, het hulle gevind dat sy liggaampie swael nodig gehad het. So daarom, swael is in rubber, en daar, toe hy aan die rubber geëet het, het hy daardie begeerte vir swael bevredig.

64 Maar o, laat ek dit sê: Voordat daar 'n begeerte daarbinne vir swael kon gewees het, moes daar 'n swael iewers gewees het om te reageer op daardie begeerte.

65 En wanneer daar 'n begeerte in 'n menslike hart is om 'n plek van vrede te vind, om 'n plek van volmaaktheid te vind, om lewe te vind, om die plek te vind, die fontein van jeug, waar die oues daarin baai en weer jonk word, moet daar eers daardie plek gewees het, of die menslike ras sou nooit daarna smag nie.

66 Ons is hier vergader in hierdie klein byeenkoms om te praat oor Goddelike genesing. Daar moet 'n Fontein iewers oop wees of julle sou nooit daarna smag nie. Daar is iets in julle harte vanmôre, julle mense, wat vir julle sê daar's 'n God wat kan genees. En so seker as wat daardie begeerte in julle hart is, moet

daar ’n Lente iewers wees om daardie begeerte te bevredig, of julle sal nooit daardie begeerte hê nie.

67 Met ander woorde, voor daar ’n skepping kan wees, moet daar ’n Skepper wees om die skepping in julle hart te skep. Ek hoop dit maak sin, ’n Skepper om ’n skepping te skep. So die skepping moet eerste wees en dan ’n Skepper om daarna te smag.

68 Nou, die mens het dit probeer vind deur wetenskap, maar dit wys dat daar is. Nou, waarom los die mens dit nie net uit nie? En hulle grawe onder in die grond om fossiele te vind om iets te weerlê en iets te bewys. Hulle neem en vang die atome van die lug en breek uit en kry die molekules ensovoorts wat om—om iets te probeer bewys.

69 Hulle neem hierdie selfde missiele, en elke keer wat hulle iets in die lyn van wetenskap probeer skep, vernietig hy homself, stoot hom die heeltyd verder weg van God af. In plaas van nader aan die prestasie te gaan, stoot hy homself weg van die prestasie.

70 Toe hy buskruit uitgevind het, maak sy broer dood. Toe hy ’n outomobiel uitgevind het, wetenskap, wat het hy gedoen? Maak meer dood as die kruit. Nou, het hy vir homself ’n atoombom, ’n waterstofbom gekry. Sien, hy dryf homself verder weg van God af.

71 In die tuin van Eden was daar twee bome, een van hulle was die Boom van die Lewe, die ander die boom van die dood, uh, die boom van kennis. En toe die mens die Boom van die Lewe verlaat het om te eet van die boom van kennis, die eerste hap wat hy geneem het, het hy homself afgesonder van sy Maker.

72 En elke keer wat hy aan daardie boom van wetenskap en kennis byt, maak hy homself dood, dryf hy homself verder weg. Waarom kom hy nie net eenvoudig terug na die Boom nie? Dis die enigste oplossing, om terug te kom soos God hom vir die eerste keer gemaak het.

73 Nou, die mens het egter probeer bereik, die heeltyd. Nou ons dink aan Nimrod, toe hy eenkeer gedink het aan God wat die wêreld vernietig het met water, hierdie groot prins van Babilon, het hy gesê: “Ek kan daarby verbykom.” Sien, hy probeer iets vind, dis sy natuur, die mens doen dit.

74 Hy het sy natuur bewys toe Adam sy hap van die boom van kennis geneem het, homself geskei het van God, hy probeer het om vir homself ’n pad terug te maak na God deur homself te bedek met vyeblare, ’n godsdiens, vir homself gemaak het, hy het probeer om verlossing te maak sonder ’n versoening.

75 En ons vind daardie man, doen steeds dieselfde ding vandag, deur by die kerk aan te sluit, sy naam op ’n boek sit, ’n manier probeer vind om—om ’n paar gebede op ’n sekere manier te sê, of ’n paar geloofsbelydenisse te herhaal, verlossing sonder versoening te probeer vind. Jy kan nie, jy moet ’n versoening vir

sonde hê. En sonde is ongeloof, daar's geen ander sonde behalwe ongeloof nie.

76 Ek het dikwels gesê dat drink, owerspel pleeg, en vloek nie sonde is nie, dis die eienskappe van sonde, jy's 'n ongelowige, die rede waarom jy dit doen. Maar as jy God wel geglo het, sou jy dit nie gedoen het nie. Sien? Jy kan dit nie doen, as jy 'n gelowige is nie.

77 Nou, ons vind dan dat die mens homself geskei het van God en altyd probeer om daardie selfde boom van kennis te gebruik om weer terug te kom, en homself verder weg te neem, die heeltyd.

78 Daarom vind ons Nimrod, het onmiddellik daarna vir hom 'n toring probeer bou, 'n godsdienstige toring, dat as God die wêreld weer vernietig het, wat sou hy doen? Hy sou opklim, en sy mense neem, en bo die vloed opgaan, bo-op die—bo-op die—die toring, en hy sou bokant dit kom. Wat het dit gekom, wat het daarvan geword? Van al sy prestasie, homself 'n groot naam te maak, hy het vergaan saam met sy toring.

79 Later, was daar 'n man met die naam van koning Nebukadnésar. En hy het gedink hy kon 'n stad bou, die wetenskap daar binne-in sit, sy groot werkers. En wat sou hy doen? Hy het 'n muur om hierdie sekere stad genaamd Babilon gebou, dat hulle 'n strydwa-wedren daar bo-op kon hou. Die poorte, ek dink hulle was sewentig voet breed. En hulle was so groot dat dit amper 'n kompanjie soldate gekos het om die hek oop te swaai. Niemand kon daar naby kom nie.

80 En sodra hy dink hy het iets bereik, verval hy net *soveel* te meer in sonde.

81 En wanneer 'n kerk begin dink, dat: "Omdat ons *so-en-so* is, ons is die groot kerk, ons is die groot kerk," laat hulle hulle mense toe om te sondig, ongelowig te wees, "Die dae van wonderwerke is verby, ons het dit nie meer nodig nie."

82 Sodra hy dink dat hy iets gedoen het, 'n prestasie behaal het, in plaas van om te kom en God se voorsiende weg daarvoor te neem, probeer hy om self 'n weg te vind, iets wat hy kan sê: "Ek het iets gedoen." Die mens kan nie gered word deur een ding wat hy doen nie. Verlossing is deur genade, nie deur werke nie, maar deur genade, dis iets wat God jou gee.

83 Nou, ons vind dat Nebukadnésar, sodra hy gevind het dat hy 'n groot prestasie behaal het, hy uitgestap het op sy stoep eendag en gesê het: "Kyk wat het ek gedoen," en God het sy hart verander en hom 'n dier in die veld gemaak.

84 Sy kleinseun het gekom, op, Belsasar, wat die kleinseun van Nebukadnésar was, en hy het geneem van wat sy oupa, die groot organisasie, of wat dit ook al mag wees, wat sy oupa gemaak het, en hy het weelderig daarvan gelewe.

85 Wat baie van ons kerke vandag, op die fondasie van die groot hervormers in die begin, ’n kerk gemaak het, en ons probeer net in ’n sosiale ingaan, in plaas van ’n verlossingsprogram, om te sê: “Ons—ons behoort aan *so-en-so* ’n kerk, ons is lidmate van *so-en-so* ’n kerk.” Dit het nie een ding met verlossing te doen nie.

86 Verlossing is ’n nuwe geboorte wat kom deur die Bloed van Jesus Christus wat ons reinig van alle ongeloof en ons afsonder as eienaardige mense vir God. Verlossing, dit is nie iets wat ons bereik het nie. En ons maak net, wel, ons maak net onsself dwaas, om te dink dat ons dit kan doen.

87 Nou, let op, toe Bélsasar gedink het hy het alles onder sy beheer gehad, toe het hy begin spot met die heilige dinge van die Almagtige God. Hy het sommige van die voorwerpe gekry wat geheilig was en begin wyn drink daaruit, en om te maak, om grappe te maak oor sommige van ons. . . soos sommige van ons moderne dae vandag, spot met heilige dinge van God. Sê: “Hulle is ’n klomp holy-rollers, hulle—hulle weet nie wat hulle doen nie, hulle is *so-en-so*.”

88 Julle weet, ons het amper daardie selfde soort van ’n Belsasar-fees in die wêreld vandag? Bespot mense, sê: “Hulle is fanatici, godsdienstige malles, ons sal nie onsself met hulle assosieer nie.”

Hulle het gedink hulle was veilig agter hierdie muur. Maar julle weet, God kan afkyk van Bo af.

Ek hoop nie ek verdoof julle, deur op julle te skree nie, omdat ek gewoond was om in groot ouditoriums te preek. Ek sal ’n bietjie agtertoe staan. Sien?

89 Nou, wanneer hy dink hy het iets, dan kom God af en vernietig sy speelplek, soos Hy Bélsasar s’n het.

90 Ons geliefde Verenigde State van Amerika, ons het gedink ons kan iets bereik, as ’n nageslag van Engeland, van die koningin van die see. Wat doen ons? Ons bou ’n skip, en ons het gesê: “Daardie skip kan nie gesink word nie,” dit is die Titanic genoem. Ons het gedink ons het iets gedoen, ons het iets bereik in die seelewe, dat niemand hulle hand daarop kon sit nie, ons het iets gedoen. Maar op haar reis oor die see, het God met Sy magtige hand, gewys dat wat die mens probeer doen sal sink en faal, Hy het dit gesink.

91 Die Franse, op die Maginotlinie, het gedink daar sou geen oorloë meer wees na die Eerste Wêreldoorlog nie. Nadat Kanada, en die Verenigde State, ensovoorts, oorgegaan het en die Duitsers teruggedryf het, het hulle die Siegfriedlinie gemaak, en toe hulle het, ek glo dit is die Maginotlinie genoem, het hulle—hulle die kanonne opgestel, wat oor die Ryn gekyk het, oorkant in Duitsland in, en gesê: “As Duitsland ooit weer op ons marsjeer, is ons verskans.” Maar Adolf Hitler het reg rondom agter hulle inmarsjeer, dit ingeneem.

92 Wat het hulle gedoen? Het probeer lewe in sonde, vroue, wyn, en lekker tyd. God word nie bespot nie, moenie mislei word nie, God word nie bespot nie, wat 'n mens ook al saai, of 'n volk, so sal hulle maai, vir individue of volke.

93 En ons moet dit in gedagte hou. Terwyl ons glo met ons hele hart, dat God ons nou besoek by 'n spesiale geleentheid om bymekaar te kom hier in Grande Prairie, hou dit in gedagte. God doen nie enigiets net vir mite nie, Hy het 'n doel om hierdie dinge te doen, Hy het iets in Sy gedagte wat Hy probeer doen. Ons net kan vind wat Hy doen, Sy wil vind, sou dit ons betaam om 'n bietjie tyd te neem en te bid, uit te vind wat ons Vader probeer doen.

94 Nou, ons vind toe uit, onmiddellik na die Siegfriedlinie, of, die Maginotlinie, het die Duitsers toe vir hulle nog 'n linie gebou. Ek glo dit is Siegfried genoem, een van hulle, dit mag omgekeerd wees. Maar hulle het gesê: "Ons—ons—ons sal onsself hierin verskans en al ons—ons—ons materiaal onder insit."

95 En—en die kosbare Duitse mense het Adolf Hitler, die diktator, aanvaar, en, lojaliteit, wat hulle in daardie man geplaas het. Ek het pas Duitsland verlaat, al wat Duitsland nodig het, is leierskap, en ek het gesê: "Kyk wat julle gedoen het deur julle geloof in 'n diktator te sit. Pappa is daar ver bo in die een kant van die sone, en mamma hieronder, en suster wat êrens anders werk, en broer wat doodgemaak is, en kyk waar het julle beland. Julle is goeie mense, maar julle het julle geloof in die verkeerde persoon geplaas. Neem daardie lojaliteit en plaas dit in Jesus Christus en kyk waar julle uitkom." Goeie mense, maar plaas hulle lojaliteit op die verkeerde plek.

96 Laat ons nie daaraan skuldig wees nie. Laat ons ons lojaliteit in Jesus Christus plaas. Soos Eddie Perronet in sy uur geskree het:

> Alle heil aan die krag van Jesus' Naam!
> Laat engele neerval;
> Bring uit die koninklike kroon,
> En kroon Hom Here van alles.

Daar is ons.

> Want op Christus, die vaste Rots staan ek;
> Al die ander grond is dryfsand.
>
> Nasies verbrokkel, Israel ontwaak, [Leë kol op band—Red.]
> Die tekens wat die profete voorspel het;
> Die Heidense dae getel, met gruwels omring;
> "Keer terug, O verstrooides, na julle eie."

97 Ons is by die eindtyd. Laat ons ons Vader se wil vind, besig wees met ons Vader se dinge, probeer om nie vir onsself 'n naam te maak nie.

98 Ons vind dit onder evangeliste, groot evangeliste, partymaal voel hulle hulle is te groot om na kerkies en dinge toe te kom. ’n Groot naam! Daar’s net een groot Naam onder Christene, dis die Naam van Jesus Christus, waarvoor elke knie sal buig en elke tong eendag sal bely. Dis die groot Naam onder ons: Jesus Christus.

99 Maar ons vind dit, ons Titanic het gesink, Hitler se Maginotlinie, of Siegfriedlinie, wat dit ook al was, dit is verwoes. Wat vind ons dan vir onsself? Aan die einde van die pad. Ons prestasies is nikswerd, so waarom met hulle lol? Laat ons vind of God ’n weg en ’n prestasie het.

100 Toe God die wêreld sou vernietig, eenkeer, as gevolg van sy sonde en boosheid, het Noag vir God ’n ark gebou.

101 Ons wil nie enigiets probeer bereik nie, want daar is niks vir ons om op hierdie manier te bereik nie, ons aanvaar net wat alreeds bereik is.

102 God het Noag ’n ark laat bou wat die wêreld sou gered het, as hulle dit sou geglo het. Maar God het geweet hulle gaan nie gered word nie, so Hy het dit net *soveel* el lank gemaak.

103 Soos Hy het in die dae van Noag, het Hy belowe om te doen by die koms van die Seun van die mens. Hy het ’n Evangelie, dit reik nie uit en laat mans en vroue in die Koninkryk van God inkom gelaai met sonde en ongeloof nie, dis nou, maar dis die weg. Hy het geweet wie sou inkom, maar dis Sy voorsiende weg.

104 Almal wat Noag gehoor het, wat in daardie deur gestaan en oordeel preek het. . .Partymaal klink dit radikaal, en dit het altyd, vir die ongelowige hart, maar ongeloof stop God nie, ongeloof stop net die ongelowige. Dit stop nie. . .Jy kan nie keer dat die son skyn met ongeloof nie, en jy kan nie die program van God stop met jou ongeloof nie.

105 Johannes die Doper het gesê: “God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig.” Sien? God se Woord het gespreek, Dit moet gebeur. Sien? Iemand gaan Dit hoor, iemand gaan voordeel Daaruit trek. Ons is almal vry morele agente, kan ons keuse maak.

106 Maar kyk, wat het gebeur in die dae van Noag? Almal wat gehoor het, is fanaties genoem, hulle het hom bespot bo-op die heuwel, wat hierdie ark gebou het, en nog nooit het water afgekom nie, en wetenskap het dalk na hom toe gekom en gesê: “Waar is die water? Wys my waar dit is.”

107 Maar God se program was nog nooit op materiële dinge nie, dit was geloof in Sy Woord. Dis God se voorsiende weg, om Sy Woord daarvoor te neem, Dit te glo, iets wat jy nie wetenskaplik kan bewys nie.

108 Noag het gesê: "Ek kan jou nie sê waar daardie water is nie, maar God het vir my gesê dit gaan kom, dis goed genoeg vir my." So hy het die ark gebou, gereed gemaak daarvoor.

109 Toe Israel in slawerny was onder in Egipte, was daar een met die naam van Moses, eendag, wat skape opgepas het, 'n weg-hol profeet, agter in die woestyn, en hy het 'n bos gesien wat aan die brand was. En hy gaan soontoe met al die intellektuele wat vir hom gegee kon word, hy kon die Egiptenare wysheid leer. God het hom geroep om terug te gaan, na waar hy 'n mislukking was, en om deur self te probeer bereik, 'n Egiptenaar doodgemaak, gedink het: "Ek is, beslis, die man." Maar julle sien, wanneer ons op ons eie manier kom, enigiets op ons eie manier probeer doen, is ons buite die program van God.

110 Ons moet Sy Woord neem en reg Daarby bly, of ons Dit kan sien of nie, of Dit reg lyk of nie, bly by Sy Woord. Dis iets wat alreeds bereik is, want God is oneindig, Hy kan nie faal nie. Maak nie saak hoe snaaks dit lyk, en hoe onwerklik dit lyk nie, dit moet eg wees, want Hy is—Hy is alomteenwoordig, alwetend, oneindig, en Hy . . . elke Woord is volmaak.

111 Hy kan nie Sy program verander nie, ek kan myne verander, jy kan joune verander. Ek kan iets sê, moet dit terugtrek, ek's 'n man, jy's 'n man en 'n vrou. Maar God wat oneindig is, kan Hy nie 'n ander besluit daaroor neem nie, Hy moet bly by Sy eerste besluit, want elke besluit is volmaak.

112 Sien, ons is eindig, ons kan sê: "Wel, ek—ek—ek was verkeerd." Maar Hy kan nie verkeerd wees en God wees nie. So wat Hy gedoen het op die . . . as Hy op 'n tyd op die toneel geroep is om 'n man te red, en Hy het daardie man gered op 'n sekere basis, as enige mens, enige tyd, enige plek, op daardie selfde grondslag ontmoet, is God verplig om dit weer te doen.

113 As Hy 'n man genees het as gevolg van sy geloof, sal Hy elke keer aan daardie selfde voorwaarde moet voldoen, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste mens gered het, of die eerste mens genees het. Sien? Dis wat Hy vir ons bereik het: Geloof! Geloof om Sy Woord te glo!

114 Nou ek—ek mag dit sê, ter afsluiting, Moses kon nie daardie blare van die boom afgepluk het en na die laboratorium toe gegaan het om hulle te laat ondersoek om te sien waarom hulle nie verbrand het nie, as dit sou wees, hy gewonder het waarmee die boom bespuit was, hy was self 'n wetenskaplike.

115 Die Egiptiese wetenskaplikes was baie beter as ons s'n nou, ons het . . . hulle was nog altyd, tot nou toe. Hulle het die sfinks gebou en die piramides ensovoorts wat ons nie nou kan maak nie, maar, hulle het 'n kleurstof gehad, wat hulle in klere van hulle mummies kon sit, wat steeds sy kleur behou vir duisende jare, ons het nie so-iets nie, sien. Nou, maar hulle was gevorderd in die wetenskap.

116 Maar Moses het nooit die rede probeer vind deur 'n wetenskaplike ondersoek nie, hy het God net op Sy Woord geneem.

117 Dis hoekom ons hier in Grande Prairie is. Dis waarom hierdie kerk hier staan vanmôre. Dis nie op ons godsdiens om wetenskaplik te probeer bewys dat ons die blinde oë kan laat oopgaan, of die dowe ore oopmaak nie. Dis om God op Sy Woord te neem. Dis om dieselfde ding te sê wat God gesê het, iets wat vir ons bereik is en ons glo dit. Ons hoef dit nie uit te dink nie, God het dit uitgedink.

118 Ek kan julle nie sê waarom 'n swart koei groen gras kan vreet, en wit melk gee nie, maar sy doen dit. Sien, ek kan nie daardie dinge uitredeneer nie, ek weet nie, maar ek geniet die melk.

119 Ek kan nie verstaan hoe 'n sondaar wat *so* laag gedaal is in sondes, *so* 'n skandaal dat selfs die honde wat skaars na 'n —'n prostituut op die straat sou kyk, hoedat die Bloed van Jesus Christus daardie 'n dame kan maak. Ek kan dit nie verstaan nie, ek aanvaar dit, Hy doen dit.

Ek kon nie verstaan waarom ek, 'n blinde man nie!

Ek kon nie verstaan hoe Kongreslid Upshaw, 'n kreupele vir al daardie jare nie!

120 Florence Nightingale, van Engeland, oorlede Florence Nightingale, die, wel, die, nie die oorlede Flor-. . . , 'n klein, agterkleindogter van haar, met 'n kanker wat haar opgevreet het nie! Julle het miskien, het my boek met die foto's daarin, sy het nie sestig pond geweeg nie, en sy is 'n gesonde, sterk vrou. Ek kan nie verduidelik dat, wanneer die hoë, mediese beroepe van Engeland en Afrika haar weggewys het om te sterf, en sy vandag lewe, nie. Ek kan dit nie verduidelik nie, broers, ek probeer dit nie verduidelik nie, ek glo dit net.

121 Ek kan nie iets uitwerk vir my eie prestasie nie. En ek kan nie hier kom en julle vertel en Goddelike genesing aan julle verduidelik nie; niemand anders kan nie. Maar ek het hiernatoe gekom om my geloof by julle s'n te voeg om te glo in Iets wat vir ons bereik is, dis Jesus Christus die Seun van God, Wie dit vir ons bereik het op Gólgota.

122 Noag het 'n ark gehad. Moses het 'n stok in sy hand gehad om daardeur te bereik. Dit was die Woord van God. Hoe sou daardie ark dryf wanneer ander goed nie sou dryf nie? Kon jou nie sê nie. God het so gesê. Moses het 'n stok in sy hand gehad. Wat was daardie stok meer as enige ander stok? Maar wat het dit gedoen? Dit het die mond van die ongelowiges toegemaak, dit het die Skelfsee oopgemaak, dit het water gebring in die tyd van dors, en voedsel in die tyd van honger. Wat was dit? God het bereik deur daardie stok.

123 Die wyse manne, hulle het 'n ster gehad, en deur daardie ster, het hulle God se prestasie gevolg. Die ark was God se prestasie in daardie dag. Die stok was die prestasie in die dae van Moses. Die ster was die prestasie in die dag van die wyse manne.

124 Broers, susters, Kanadese vriende, Christus is God se Prestasie vir ons vandag, deur op te staan uit die dood, en Hom voor ons te stel, dat Hy nie dood is nie, Hy vir ewig lewe. En Hy's nou hier in ons midde vanmiddag, nou in ons midde, om Homself as lewendig te wys.

125 Dis nie wat ek kan bereik en wat ek kan bewys nie, dis wat ek glo wat God vir my bereik het. Ek het geen Baccalaureus Artium, Ph.D., of LL.D. nie, ek is nie eens 'n laerskoolopleiding nie. Ek kon niks bereik nie, maar ek aanvaar wat Hy vir my bereik het op Gólgota, toe Christus Sy lewe vir ons gegee het, en God Hom opgewek het op die dag van die opstanding, om te bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ek aanvaar God se Prestasie.

126 En dis God se voorsiende weg vir elke sonde-siek, of fisies-siek, persoon vandag, Ek vra julle om God se Prestasie te aanvaar. Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, vir gebed.

127 Heilige en Goddelike God, ons kom in U Teenwoordigheid in, ons vra genade, Here. Ons verlang nie, en ons smag ook nie na geregtigheid nie. Ons kon nie die geregtigheid van God verduur nie, die geregtigheid van God sou ons veroordeel, en ons sondaars maak, en ons wegwys.

128 Ons verlang nie U wet nie, Vader, want U wet maak ons almal 'n sondaar. Maar ons verlang U genade, ons verlang U vergewingsgenade deur Jesus, U Seun, wat almal wat wil glo, aanvaar word.

129 Ons probeer nie enigiets uitdink nie, Vader, om enige sekere prestasie te behaal, om ons 'n organisasie of 'n denominasie te maak, nie. Ons probeer nie onsself groot maak nie, maar ons bly net nederig en, dank U vir die Prestasie wat U vir ons gemaak het, want hy wat homself verneder, sal verhoog word; maar hy wat homself verhef deur sy eie prestasie, sal natuurlik verneder word.

130 Seën hierdie kerkie, Here, sy kosbare pastoor, hierdie kosbare broers wat vandag by ons is, die diakens, die trustees, hierdie pragtige vroue, jong meisies, en jong mans wat hier sit, net by die keerpunte van die lewe.

131 God, gee ons U genade, ons aanvaar U Prestasie deur Jesus. Ons glo dat Hy gesterf het, ja, meer as dit, dat Hy weer die derde dag opgestaan het vir ons regverdigmaking. Ons glo dat Hy opgevaar het na bo, en daar die Heilige Gees teruggestuur het om 'n Middelaar te wees en ons te lei en ons te rig, Christus in die vorm van 'n Gees, wat in ons sou woon en dieselfde werke doen wat Jesus gedoen het, want Dis Sy Lewe in ons.

132 O Here, mag ons tempels gereinig word, ons harte gereinig word van alle ongeloof, ons siele bevredig met Christus, U Prestasie. En mag ons in staat wees om Sy genade en Sy Woord te neem en Hom *so* werklik aan hierdie mense te bring vanmiddag, dat solank daar 'n Grande Prairie is, solank daar 'n mense hier is wat, steeds glo, die storie vertel mag word, as gevolg van Sy Teenwoordigheid.

133 Mag dit 'n outydse herlewing hierbinne laat uitbreek, baie siele gered word, want hierdie is, miskien, 'n groot dag van besoek, toe ons almal bymekaar gekom het as U gelowige kinders. Ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

61-0516M God Se Voorsiende Weg
Zion Evangelie Tabernakel
Grande Prairie, Alberta Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org